Wie is jy?*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License †

1 GESKIEDENIS

2 Graad 4

3 GESKIEDENIS BEGIN IN ONS EIE OMGEWING

4 Module 5

5 WIE IS JY?

Jy is beslis die belangrikste persoon in dié module. Daarom gaan jy begin deur meer oor jouself uit te vind. Ons gaan veral met mondelinge bronne werk. Die volgende w-vrae gaan jou help om inligting oor die verlede te bekom.

Mense (Wie?) Plek (Waar?)
Tyd (Wanneer?) Gebeurtenis (Wat?)
Oorsake (Waarom?) Gevolge (Waartoe?)

5.1 Aktiwiteit 1

5.2 Hoe om deur vrae inligting te bekom [LU 1.1]

Kom ons doen eers 'n kort oefening oor hoe dié w-vrae werk.

*Version 1.1: Jun 18, 2009 5:04 am -0500
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Figure 1

5.3 (a) Bestudeer meegaande uittreksel oor 'n bekende Suid-Afrikaner, Albert Luthuli, en beantwoord daarna die w-vrae wat volg.

ALBERT LUTHULI EN VREDE

Skrywer: Zina S'bunzi

Albert Luthuli het vanaf 1898 tot 1967 in Suid-Afrika gebly. Hy was 'n Zoeloe-opperhoof wat ook die ANC gelei het totdat die regering dit in 1960 verban het. Hyself is in 1959 uit die land verban. Albert Luthuli het in 1960 die Nobelprys vir vrede gewen.

Figure 2

- Oor wie gaan die artikel?
- Wat het hy gedoen?
- Waar het hy dit gedoen?
- Wanneer het hy dit gedoen?
- Waarom het hy dit gedoen?
- Waartoe het sy optrede gelei?
- Watter vrae kan jy nog vra?

(b) Bekom nog 'n bron met meer volledige inligting.



Figure 3

5.4 Aktiwiteit 2

5.5 Om inligting oor jouself te bekom en vra te vrae oor jouself [LU 1.1]

(a) Bekom inligting oor jouself met behulp van meegaande vrae.

Figure 4

- **Waar** (plek) is jy gebore?
- **Wie** (mense) is jou beste maat? Hoekom?
- **Wat** wil jy graag eendag word?
- **Waarom** (oorsaak) bly jul hier?
- **Waartoe** (gevolge) lei die ontwikkeling in jul omgewing?
- **Wanneer** (tyd) is jou ouer(s) gebore?

Figure 5

5.6 Dink ook jou eie drie vrae uit.

5.7 (b)Skryf 'n kort verslaggie oor jouself, waarby jy prente of foto's kan invoeg.

In die volgende leereenheid gaan ons met geskrewe bronne oor jou familie en gesin werk.

Figure 6

6 Assessering

7 LEERUITKOMS 1: GESKIEDKUNDIGE ONDERSOEK

Die leerder is in staat om ondersoekvaardighede te gebruik om die verlede en die hede te ondersoek.

7.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder

- werk met bronne: inligting aanteken en verwerk uit 'n verskeidenheid van bronne.

8 Memorandum

(verskeie moontlikhede)
(a)

- Albert Luthuli (1898 – 1967)
- Wen Nobelprys vir Vrede (1960); ANC-leier (1952 – 1960)
- Suid-Afrika, buiteland (vanaf 1959)
- Verset teen apartheid
- Uit land verban